Mpumalanga (Bosbokrand) Sendingwerk Jaarverslag 2012

Gedurende die jaar van 2012 was daar by al die gemeentes van Mpumalanga kerk gehou. Dit sluit die gemeentes van Sabie, Vosloorus en Katlehong in Gauteng in. By die meeste gemeentes was daar ‘n aanwas van nuwe siele en die Here kry al die eer daarvoor.

Daar was deurlopend gemeentelede van Jatniël omgewing asook Huisgenote saamgevat as gaste, om hulle bloot te stel aand die uitreik werk wat daar in die Mpumalanga omgewing gedoen word. Almal het dit positief ervaar en het dit baie geniet. Die gemeentes van Mpumalanga sien altyd reikhalsend daarna uit om besoekers te onvang.

Die behoefte het ontstaan om Sondagskool personeel op te lei. Broer Erik en Suster Joy Wieringa het pionierswerk gedoen, opleiding is gereël met die hulp van Broer

Louis van Tonder van Jatniël gemeente wat jarelange ondervinding het in kinder bediening. Sedert die opleiding is daar ‘n Sondagskool in al die gemeentes op die been gebring. Die opkoms van die Sondagskool kinders het so toe geneem dat daar nou ‘n behoefte ontstaan om ‘n tent te koop om die kinders in te bedien.

Broer en Suster Elandré van Niekerk is aangestel as hulp by die Mpumalanga bediening, nadat Broer en Suster Wieringa verplaas is.

Met die toeloop van die Jeug en nuwe berkeerling het daar ‘n behoefte onstaan vir ‘n doop bad. In die verlede was die mense in die omgewing se riviere gedoop‘n Groep jong gemeente lede en Huisgenote het hulp verleen met die bediening by die Jeugkamp. Die kern boodskap van die dag was “Jesus breek al my bande” en die Here het wonderlik gewerk onder die jongmense van Mpumalanga en Jatniel besoekers. Die

jong mense van Jatniël het die volgende dag ‘n kerk diens by gewoon by die gemeente van ChoChoCho. Daar is ‘n behoefte onder die jong mense in die gemeentes om meer interaksie met mekaar te he.

Met die Sondagskool prêt dag in Oktober het ons ‘n wonderwork van die Here aanskou. Vanaf Witrivier Geloofshuis het ons heeltyd in die reën en digte mis gery. Ongeveer ‘n half kilometer van die kerk terrain af het die reën opgehou en ons het op droe grond af geklim. Ons kon die speletjies en aktiwiteite met die kinders doen soos ons graag wou. Die poppekas wat gehou was, was vir klein en groot ‘n sterk aantrekkingskrag en die boodskap van Kersfees was aan die kindertjies oorgedra. Elke kind het ook ‘n sertifikaat van Sondagskool bywoning ontvang, asook ‘n pakkie vol lekkergoed vir die pad terug in die taxi’s.

Daar was bou projekte geregistreer by die kantoor op Jatniël, om twee van die kerksale te voltooi. Die bou werk is nog steeds besig, maar die Here het voorsien dat ons al die bou material kon betaal en alles is klaar aangekoop. By die Cweni kerk terrein is daar stort geriewe en spoel toilette aangebou op die gemeente se onkostes. Dit maak die kerk idiaal vir Paasnaweek en ander groot byeenkomste waar al die gemeentes by mekaar kom. Ons bede is dat die Here die ander kerke ook spoediglik sal voltooi.

Dis met dankbaarheid en verwondering dat ons kan terug kyk op die jaar wat verby is en die werk wat die Here in die gemeentes van Mpumalanga gedoen het.

Broer Eduard en Suster Marie Joubert.